Dankgebed na Nagmaalbediening Calvinia

Ons wil net kom sê

O Heer U weet alles U weet ons baie vrae. Soms was dit eerder klae. Maar tog het U verdra, dat selfs elke asemteug gevul was met 'n Habakukus-vraag:
Hoe lank nog: Hoe intens tot onverdraagsaamheid vol?
Die wanhoops vrae van selfs'n kind na gebed. Waarom vra ons nog vir wolke met koue asem gevul tot boordenstoevol. Vir iemand was die vraag: Sal God nie 'n slag laat waterloop in die rivier se bed. Die Sak-, Renoster- en Oorlogskloof se stof het versteen tot klip.
Waar vinkneste in die fluitjiesriet eens gekwetter het tot die nagsang stilword in die kommetjiesstrooi, was later geen geluid of sang of lied.
Ons wil maar net kom sê: O Heer dankie vir die geduldigheidsvrug wat U saam met die lentebloeisel laat uitstoot. Nie net in die eens droeë lote van die amandel nie, maar ook in die Petrusgebed: O Here red! Want min het ons geweet U loop nie net op water nie, maar kom ook in die Hantamstof in die jare wat was en deur die oostewind se waai van dooie blaar en sand.

So Heer het U naby ons gekom. U het dit laat oorstoot vanuit die Ceres-, Piketberg- en Citrusvalleie oor die Piekeniers, Bokkeveld tot teen Rebunie en Hantam het die opdrifsels van U genade kom waai sodat ons in die bymekaarmaak van die oes ook weer vir die weduwee en wees leer ken. Ons kom deel in hulle oorvloedige blydskap wat lank verskuil gelê het toe die riviere nog vol was en die veld toegewas deur die wit van skaapbos en lammersvet.
Ons wil maar net sê: U genade het kom opstoot dat dit waar geword het dat die Vis-Renoster, Sak- en Oorlogskloof weer begin loop het, maar Heer in die opwaartse rigting dat selfs die spruite bo die Hantamberg oorgestoot het op die droeë en die vergete.
Ons wil maar net sê: Al het U anders gehoor as wat ons gevra het, U het beter gehoor. Want uit die stof is nie net lewe en mens verwek nie, maar ook die lied. Dit waarvoor ons die minste voor gevra het, het U laat blom in die nalente se oorvloed. Ons wil maar net sê… Ons wil maar net sê: As ons maar soos U van beter geweet het.
Amen
Ds Schalk Theart